

HOOFSTUK


11

Kosterekeningkunde

Om in staat te wees om hierdie hoofstuk te voltooi, moet jy alreeds:

- ✓ veranderlike en vaste koste, koste van 'n produk deur gebruik te maak van veranderlike en vaste koste, eenheidskoste, bydrae per eenheid en gelykbreekpunt kan bereken
- ✓ Balansstaatafdeling: direkte materiaal, werk-in-proses, klaarprodukte en verbruiksvoorraad rekeninge kan opstel
- ✓ Nominale rekeninge-afdeling: verkope, koste van verkope, fabriekslone, fabrieks-elektrisiteit, fabriekshuur en waardevermindering van fabriekstoerusting kan opstel
- ✓ Kosterekeninge-afdeling: direkte materiaal, direkte arbeid, fabrieksbokoste, administratiewe en verkoops- en verspreidingskosterekeninge kan opstel
- ✓ interne beheer en etiek in 'n vervaardigingsonderneming kan vertolk.

Hierdie hoofstuk bespreek



Na voltooiing van hierdie hoofstuk moet jy in staat wees om:

- ✓ rekeningkundige konsepte eiesoortig aan 'n vervaardigingsonderneming te kan definieer en verduidelik
- ✓ koste-inligting rakende vervaardigingsondernemings te kan opstel, aanbied, ontleed, interpreteer en verslag te lewer:
 - 'n produksiekostestaat met Aantekeninge vir produksiekoste kan opstel
 - 'n verkorte Inkomstestaat met Aantekeninge vir administratiewe koste en verkoops- en verspreidingskoste kan opstel
 - Bruto wins op klaarprodukte verkoop, veranderlike en vaste koste, die koste van 'n produk deur gebruik te maak van veranderlike en vaste koste, koste per eenheid, bydrae per eenheid, gelykbreekpunt, en totale produksiekoste bereken
- ✓ etiese aangeleenthede met betrekking tot vervaardiging, produkkwaliteit, produkouderdom, direkte materiaal, ondersteuning vir plaaslike produkte, prysstelling, diefstal en bedrog te kan interpreteer
- ✓ om interne oudit en beheermaatreëls wat verband hou met vervaardiging te kan integreer.